

Geopende Deure
JEUG

WAT IS DIE WERKLIKE
PRYS VAN GELOOF?

Die
Prys

DIE JEUGTYDSKRIF VAN
GEOPENDE DEURE SUIDER-AFRIKA



Blackout

in Geborgde 48-uur vas ten bate
van vervolgde Christene



WWW.OPENDOORS.ORG.ZA



OPEN DOORS SOUTH AFRICA



YOUTHSA@OD.ORG

BLACKOUT is 'n geborgde 48-uur vas ten bate van vervolgte Christene. Deur jou foon weg te sit en aflyn te gaan, wil ons hê dat jy moet bid en geld insamel deur 'n hele naweek deur te bring sonder jou foon, die internet, sosiale media of enige iets wat die web behels.

As ons regtig eerlik is, weet meeste van ons nie wáár om te begin wanneer ons vir mense aan die anderkant van die aarde moet bid nie. Maar, wanneer ons ander mense se stories hoor, hulle gesigte sien, en verstaan dat hulle net soos ons is, dan word ons met hulle verbind. En wanneer ons verbind word, word gebed makliker.

Hierdie uitgawe van *Die Prys* sal help om jou kreatiewe idees te gee om jou internet-vrye naweek met passievolle en gefokusde gebed te vul.

Maar, ons wil ook hê dat jy daaroor moet praat en die boodskap versprei. Of jy nou op jou eie bid, in 'n groep of selfs deel van 'n groter geleentheid, maak dit jou doel om die behoeftes en versoeke van ons vervolgte familie te deel. Laat ander weet wat jy doen en hoekom dit belangrik is dat ons vir dié bid wat ons geloof deel, maar nie ons vryheid nie.


Tesame met die gebedsidees, sluit ons ook meer inligting in oor hoe om borge te kry vir jou digitale vas. Hoekom borge? Wanneer jy geborg word, sal jy help om geld in te samel vir Christene in Sirië wat van gruwelike vervolging gevlug het en steeds haweloos is, en dinge soos kos, medisyne, skuiling en meer benodig.

Tennessee Williams het gesê, *"Silence about a thing just magnifies it..."* So sluit by ons aan... sit weg jou foon en tegnologie en gebruik die tyd om in gebed voor God te tree, ten bate van ons vervolgte familie!

Tot volgende keer,

Natasja B

Geopende Deure Jeugkoördineerder



Blackout reëls

1.

BLACKOUT strek van 19:00 op enige Vrydag in November tot 19:00 die Sondag*.

2.

Gedurende daardie tyd sal jy geen toegang tot enige internet gekonnekteerde toestelle hê nie. Dit sluit in; selfone, skootrekenaars, tablette, TV en elektroniese speletjies**.

3.

Geen musiek of speletjies aanlyn, toegang tot TV, sosiale media of enige iets anders wat jy aanlyn sou doen nie. Die doel is om alles af te skakel.

Dit is basies dit.

*Jy kan natuurlik ook BLACKOUT vir 'n langer of korter tydperk doen. Party groepe doen soms 24-uur, terwyl ander, *hardcore* individue, al 'n hele week gedoen het.

**Gebruik ook asseblief jou goeie oordeel. Indien jy in 'n noodgeval is, gebruik jou foon. As jy moet huiswerk doen, studeer of werk, gaan aanlyn, maar net vir daardie redes (geen vermaak nie!)

Wat is BLACKOUT?

BLACKOUT is 'n geborgde uitdaging om alles wat digitaal is, vir 'n hele naweek op te gee. Sal jy Facebook, Instagram, Twitter, Snapchat, WhatsApp en enige iets anders wat jy aanlyn doen vir 48-uur kan los? Dit is 'n totale aanlyn-BLACKOUT. Jy sal afgesny en stil wees, sonder 'n stem, of toegang tot sosiale media. Sien jy kans daarvoor?

Hoekom?

Reg om die wêreld, is daar miljoene Christene wat geen stem het nie – wêreldwyd ervaar meer as 200 miljoen Christene hoë vlakke van vervolging omdat hulle kies om Jesus te volg. Hulle word stilgemaak, gedreig en gedwing om te vlug. Baie ly of sterf vir hul geloof. Maar, as een deel ly, ly ons almal. Hulle storie is óns storie. Ons is familie. Ons sal nie stilgemaak word nie. Ons sal opstaan vir dié wat nie 'n stem het nie.

So, ons wil hê dat jy stil moet raak aanlyn om aandag te vestig op Christene wat vervolging verduur, en die tyd spandeer om deur gebed, 'n reuse geraas te maak vir vervolgte Christene.

Geld insamel

BLACKOUT gaan eerstens oor gebed. Maar dit is ook 'n geleentheid om geld in te samel om vervolgte Christene te help, deur geborg te word om aflyn te gaan. Twyfel jy, jou ouers of selfs jou vriende in jou vermoë om vir 48-uur aflyn te kan bly? Wel, maak dit interessant... kry HULLE om jou digitale vas te borg! Besoek www.opendoors.org.za/afr/blackout om jou borgvorm af te laai.

Al die geld wat jy insamel sal Christene in Sirië help, wat ondersteuning nodig het nadat hulle van gruwelike vervolging en oorlog gevlug het. Stel 'n doelwit vir jou fondsinsameling en sien wat jou poging kan help om te bereik.

Hier is 'n paar voorbeelde:

R250 kan help om noodleniging vir een familie in Sirië vir 'n maand te voorsien. Hierdie sluit in; kos, klere, medisyne, skuiling en verhitte gedurende die ysige winter.

R500 kan help om traumaberading te voorsien vir een Siriese vlugteling wat deur jare van oorlog getraumatiseer is.

R1,000 kan help om opleiding te voorsien om een persoon by te staan met die opening van 'n klein besigheid in Sirië, en so 'n volhoubare toekoms vir 'n familie voorsien.

Plek vir gebed

Of jy BLACKOUT op jou eie doen, saam met 'n paar vriende of selfs jou hele jeuggroep, kan jy daaraan dink om 'n spesifieke area vir gebed op te stel. Dit kan 'n slaapkamer wees, 'n leë buitekamer, motorhuis of 'n lokaal by jou kerk of skool.

Kry mense om op te teken vir 'n spesifieke tyd in die gebedskamer – kyk of jy die hele 48-uur van jou BLACKOUT-naweek kan vul met gebed vir vervolgte Christene om die wêreld heen.

Sodra jy jou lokaal het, kan jy deur die volgende idees lees en kreatief raak met jou gebedsarea. Maak jou gebedstyd pret, interaktief en wissel dit af – moenie altyd op dieselfde manier bid nie... Bid in stilte, bid terwyl jy teken, lees Bybelstukke of 'n inspirerende Christelike boek, gaan stap en bid of sing hardop lofliedere tot God!

Dinge wat jy vir jou gebedsarea mag nodig kry

- Bybels
- Penne, kryte en papier
- Kleeflint om enige skeppings op te plak
- Kaarte van die wêreld (besoek www.opendoors.org.za/afr/blackout om ons 2018 Wêreldwaarnemingslys-kaart af te laai)
- Iets om musiek te speel (onthou, geen *streaming* van musiek!)
- 'n Onlangse koerant
- 'n Paar boeke oor vervolging bv. "The Insanity of God" of "God se Smokkelaar" ens. (besoek ons aanlynwinkel by www.opendoors.org.za/winkel vir meer inligting)

Foto's van 24/7 Prayer Instagram



Gebedsarea idees

Blackout

Baie Christene, reg om die wêreld, moet hul geloof wegsteek. In party lande is daar geen wettige kerkgeboue nie, so Christene ontmoet in die geheim – in kelders, donker kamers of agter geslote deure. Veronderstel jou gebedsarea is 'n geheim en versteek. Maak dit so donker as moontlik om enige lig uit te blok. Kry 'n paar kerse, of kersliggies om dele van die kamer te verhelder sodat jy kan teken, lees of kreatief kan raak op die mure. Leef jouself in die stories in van dié wat hul geloof uiteleef, of in die tronk is en sit jouself in hulle skoene vir 'n paar uur (besoek www.opendoors.org.za/afr vir stories). Fokus jou gebede op hulle.

Familie-stamboom

Kry 'n regte boom buite of teken een op 'n groot stuk papier as deel van jou gebedsmuur. Nooi mense om die name van hul familie en vriende op stukkie papier of etikette te skryf. Moedig hulle aan om ook die name neer te skryf van lande waar ons vervolgte familie woon. Vra dan vir mense om te bid vir die mense/lande op die kaartjies soos wat hulle dit op die boom plak.

Koninkryk kom

Sit wêreldkaarte, 'n aardbol en koerante in die kamer en moedig mense aan om Matteus 6:9-13 te bid, "laat U koninkryk kom; laat U wil geskied..." oor spesifieke lande. Maak seker jy besoek www.opendoors.org.za/afr om onlangse inligting te kry om jou te help om vir elke land te bid!



NB! Maak seker jy gaan loer na die Pete Greig reeks oor gebed om jou te help om meer effektief en passievol te bid. Jy kan die Blackout 2018 playlist op ons YouTube-kanaal kry by www.youtube.com/opendoorssouthafrica. Gaan loer daarna voor jy met jou BLACKOUT-naweek begin!

Gebedstorie



Noeh | Irak

Noeh, h Christen van Karamles in Irak, is nou 14. In 2014, het almal uit die dorp gevlug toe die sogenaamde Islamitiese Staat (IS), h gewelddadige Moslem-ekstremistiese groep, dit binnegeval het.

In 2016, toe IS uit Irak verdryf is, het hulle amper 450 huise vernietig, insluitende Noeh se huis. Sy huis het nog gestaan, maar alles binne-in was vernietig. Noeh het gesê, "Na die bevryding in Oktober, het ons uitgevind dat IS ons huis afgebrand het. Ek was baie hartseer toe ek dit gesien het..."

Maar Noeh was vasberade: "Ek wil terugkeer, hierdie is ons land..." Na drie jaar, te danke aan vennote van Geopende Deure, kon Noeh se familie terugkeer na hulle herstelde huis in Karamles. Nou is hy terug by die skool, maar daar is nog h entjie om te gaan voor die lewe weer terug na normaal sal wees vir almal. Daar is nie genoeg onderwysers om al die klasse te behartig nie, en basiese dienste soos water en elektrisiteit is onbetroubaar. Maar daar is altyd hoop... die Christendorpie begin weer lewe en daar is h herlewing in die kerkgemeenskap.

'n Gebed vir die wat huise en besittings verloor het

Here God,

Ons bid vir dié wat verlies gely het omdat hulle Christene is; dié wie se huise vernietig is, wie se besittings gevat is, wie se land gesteel is, wie se kerke gebrand of opgeblaas is. Ons bid vir vertroosting, Here, en dat U in hulle behoeftes sal voorsien.

Ons bid ook vir dié wat hulle kinderlewe, onskuld en hoop verloor het. Vul hul harte met vrede en genees hulle van enige pynvolle herinneringe.

Maak ons Here, herstellers en herbouers, sodat ons hulle vrylik kan help vanuit ons oorgloed, wat U so vrylik aan ons gegee het. Amen.

Leah | Nigerië

Leah, tesame met meer as 100 ander meisies, is vroeër hierdie jaar van hul skool in Dapchi, Nigerië deur Boko Haram, h Moslem-ekstremistiese groep ontvoer (vier jaar gelede, het hulle ook meer as 200 meisies van h skool in Chibok, Nigerië ontvoer). Twee dae later is meeste van die meisies bevry, maar nie Leah nie...

Leah se ma, Rebecca, het aan plaaslike media vertel wat Leah se vriende vir haar vertel het...

"Hulle was besig om in die trok te klim wat hulle sou terugbring. Boko Haram het gesê dat sy tot Islam moet bekeer. Haar vriende het haar probeer oortuig, maar sy het gesê dat sy nie na Islam sal bekeer nie. Hulle het gesê dat, omdat sy nie wil bekeer nie, sy moet agterbly. Sy is alleen..."

Leah het haar vriende gevra om vir haar te bid en vir haar ma h boodskap te gee:

"Mamma moenie bekommerd wees nie. Ek weet die verlange na my is nie maklik nie, maar ek wil ma verseker dat ek okay is waar ek is. My God, tot wie ons bid, wys dat Hy almagtig is in hierdie tyd. Ek onthou ma se woorde aan my in ons oggendgebede; dat God naby aan mense in pyn is. Ek sien dit nou. Ek vertrou dat ek ma weer sal sien. Indien nie hier nie, dan [eendag in die hemel met ons] Here Jesus Christus..."


'n Gebed vir die magteloses

Here God,

Ons bid vir dié wat magteloos, swak en leeg is sowel as die wat uitgeput en bang is, wie voel dat hulle niks meer oor het nie...

Vul hulle met U krag: gee krag aan dié wat nie meer krag het nie, hoop aan dié wat hopeloos voel, oorwinning vir dié wat voel dat hulle alles verloor het.

Wees teenwoordig, Here, op so h kragtige manier, dat hulle hartseer na geluk sal verander. Sodat hulle soos arende kan styg en soos sterre kan skyn vir U. Amen.



Na die BLACKOUT

Dink na

Hoe was dit? n Hele naweek sonder die internet. Het jy oorleef? Wat het jy geleer of geniet? Wat was vir jou uitdagend? Het God met jou gepraat?

Samel jou borge in

Samel al jou borggeld in. Moenie dit te lank los nie en maak seker dat jy die mense bedank wat jou ondersteun het. Jy mag dalk selfs n geleentheid in jou kerk of by jou jeuggroep kry om te verduidelik wat jy gedoen het.

Betaal die geld wat jy ingesamel het in ons bankrekening in (details hieronder) en gebruik BO18 as jou verwysing.

Bankrekeninge

Geopende Deure, ABSA, Northcliff (632005), Rekeningnommer: 160340568

Geopende Deure, Nedbank, Besigheidsrekening (198765), Rekeningnommer: 113 750 4552

Vertel ons

Ons sal graag wil hoor wat jy gedoen het, wat jy geleer het asook enige ander terugvoer. Vind ons op Facebook, Twitter of Instagram.

Gaan weer aanlyn

Maak n reuse geraas aanlyn oor wat jy gedoen het en hoekom. Deel jou storie en dié van die vervolgte Christene vir wie jy gebid het. Gebruik #Blackout2018 wanneer jy iets oor jou BLACKOUT naweek op sosiale media plaas.

Net die begin

Ons hoop dat jy geïnspireerd is deur die moed van ons vervolgte familie. Bly in kontak met Geopende Deure vir meer maniere om te bid, te gee en mense te vertel van die vervolgte Kerk.

Volg ons op Facebook, Twitter en Instagram vir die nuutste nuus en meer.



Geopende Deure

Diens aan vervolgte Christene wereldwyd



Open Doors South Africa

Geopende Deure
JEUG

